# 1 Tessalonisense

**Heilige, hoopvolle lewe in afwagting van Christus se wederkoms**

# AGTERGROND

01

**WANNEER GESKRYF:** 50–61 n.C.

**GERIG AAN:** Aan die gelowiges in die gemeente van Tessalonika

02

**SKRYWER:** Die brief word tradisioneel toegeskryf aan die apostel Paulus, saam met Silas en Timoteus.

# HOOF TEMAS

01
Geloof

02
Liefde

03
Hoop

# SLEUTELVERS

*"...want die mense praat self oor hoe positief julle ons ontvang het en hoe julle van die afgode af weggedraai het na God toe om die lewende en ware God te dien, en om sy Seun uit die hemel te verwag. Hierdie Seun is Jesus wat God uit die dood opgewek het. Dit is Hý wat ons verlos van die oordeel wat kom"* (1Tess. 1:9-10, NLV).

In **1 Tessalonisense 1:9–10** wys Paulus dat ware bekering beteken:

- om weg te draai van afgode,
- die lewende God te dien,
- met hoop te wag op Jesus Christus se wederkoms.

# Christologiese Doel

Die brief wys sterk op Jesus Christus.

**Jesus word gewys as:**

**1. Die Verlosser**

Hy red mense van die komende oordeel (1:10).

**2. Die Opgestane Here**

Jesus leef en sal terugkeer.

**3. Die Koning wat weer kom**

Die wederkoms is sentraal in die brief.

**4. Die Bron van hoop**

Gelowiges treur nie sonder hoop nie.

# Hoofstuk 3: Historiese konteks

**1 Tessalonisense 3:8**

- "Nou leef ons werklik, omdat julle vasstaan in die Here."

**Standvastigheid is 'n teken van egte geloof.**

# Hoofstuk 1:

- Paulus prys die gemeente vir hulle **volharding in geloof**, hulle p**raktiese liefde teenoor mekaar** en hulle **lewende hoop op die wederkoms van Jesus Christus**.

# Hoofstuk 2:

## Paulus se bediening en pastorale hart

➢ **“Ons spreek nie om mense te behaag nie, maar God.” (2:4)**

**Paulus gebruik familie-beelde:**

- Soos ’n moeder (2:7–8)
- Soos ’n vader (2:11–12)

# Hoofstuk 4 & 5:

## Heiligmaking & Wederkoms

**Heiligmaking** ***is die proses waardeur God 'n gelowige al hoe meer verander om soos Jesus Christus te leef en te lyk.***

**In 1 Tessalonisense 4:13 sê Paulus:**

***"Ons wil nie hê julle moet onkundig wees oor die ontslapenes nie, sodat julle nie treur soos ander wat geen hoop het nie."***

# Gereed te leef vir Jesus se wederkoms

- **1 Tessalonisense 5:1–2**
- "Maar oor die tye en geleenthede, broers, het julle nie nodig dat aan julle geskryf word nie; want julle weet self baie goed dat die **dag van die Here kom net soos 'n dief in die nag.**"

- **1 Tessalonisense 5:4–5**
- "Maar julle, broers, is nie in duisternis, sodat dié dag julle soos 'n dief sou oorval nie. Julle is almal **kinders van die lig** en kinders van die dag; ons is nie van die **nag of die duisternis nie**."